

# HER-INOKULASIE VAN STEEK FERMENTASIES

Die waarskynlikheid van 'n steek fermentasie neem toe as gevolg van:

- Lae turbiditeit
- Hoë suiker konsentrasies
- Lae konsentrasie assimileerbare stikstof
- Laat anti-*Botrytis* behandelings
- Kultivars wat moeilik fermenteer

**1** Voeg 40-60 g/hL Extraferm by, 24-48 uur voor die her-inokulasie (detoksifiserend).

**2** Na 24-48 uur, trek die wyn af vanaf die Extraferm moer.

**3** Voeg 'n komplekse gis nutriënt by die steekwyn:

SUIKER KONSENTRASIE IN STEEKWYN:	DOSIS VAN KOMPLEKSE GISVOEDING OM BY TE VOEG:
>3°B	6-12 g/hL
1-2°B	6 g/hL
<1°B	geen nutriënt nodig

Voeg Delvozyme by teen 100 mg/L om die bakteriële populasie te beheer.

**4** Maak 'n moedertenk met 1% van die steekwyn volume en voeg dieselfde volume chloor-vrye water by.

**5** In 'n aparte houër:

- Los 20 g/hL Anchorferm op in 20 maal die hoeveelheid chloor-vrye warm water (43°C). Roer om te meng en laat die mengsel afkoel tot by 37°C.
- Selekteer 'n sterk fermenterende, alkohol tolerante gis soos Fermivin Champion of Anchor VIN 13. Voeg die gis (30-60 g/hL) baie stadig by die rehidrasie mengsel. Roer sagkens. Laat die mengsel staan vir 20 minute.
- Laat toe dat die gismengsel afkoel tot binne 10°C van die wyn/water mengsel in die moedertenk.

**6** Voeg die gismengsel by die moedertenk. Wag 20-30 minute.

**7** Voeg 10% van die steekwyn by die moedertenk. Wag 20-30 minute.

**8** Voeg 20% van die steekwyn by die moedertenk. Wag 20-30 minute.

**9** Herhaal stap 8. Voeg dan die oorblywende steekwyn by die moedertenk.